# EDUAN TEICH

**Datum:** 20 April 2011
**Plek:** Marioneiland
**Vraagsteller (V):** Dora Scott |C·I·B | Antarktiese Kultuurerfenisprojek |Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Eduan Teich | Vliegtuig-instandhoudingsingenieur| SANAE|Marion| Gough |1997 +

**V:** Ons is nou op Marion eiland. Wat doen jy hier?

**A:** Ek is ’n *aircraft maintenance engineer*, ek sorg dat die Russiese helikopter die Kamov *serviceable* is die heeltyd so ek berei hom voor vir vlug en doen al die nodige goeters soos herbankering. En dan sit ek natuurlik agter in die vliegtuig as ons vlieg en ek praat met die vlieënier en verduidelik vir hom as ons vrag dra, waar is die vrag en waar ons dit moet neersit en verduidelik vir hom hoe hoog ons is, en of hy ’n bietjie moet skuif met die vrag en dan help ek so met die vlieg ook.

**V:** En hoeveel jaar is jy al betrokke by SANAP?

**A:** By SANAP is ek al van sedert 1997 betrokke saam met die Lugmag nog, toe het ek Antarktika gedoen en twee of drie Gough-eilande en het ek nooit by Marion uitgekom met die lugmag nie en vandat ek nou by Titan werk so jaar en half nou, is ek deel van die konstruksie by Marion, en het ek natuurlik nou Antarktika en Gough ook gedoen. So die laaste ruk nogal redelik intensief betrokke by SANAP, ja.

**V:** Nou hoe het dit gekom dat hulle jou Antarktika toe gestuur het?

**A:** Daai tyd het die Lugmag nog die kontrak gehad met die Departement van Omgewingsake. Hulle het die Lugmag gebruik want dit was die enigste maatskappy wat mens maar kan sê, wat die *capability* gehad het om daai vrag rond te vlieg. Daar was nie ander groter helikopters in Suid-Afrika op daardie stadium nie, en so was die Lugmag toe nou die kliënt gewees vir Departement Omgewingsake en dit was tot met 2002 dink ek, wat die Lugmag die kontrak gehad het en toe het siviele operaeurs die kontrak toe begin te oorvat.

**V:** O, so hulle het, die Lugmag, het min of meer vir jou gesê baie geluk jy gaan nou Antarktika toe?

**A:** Ja-nee, ons het op ’n lysie gewerk. Ons was so agt of nege *flight engineers* gewees. Dit was nou op die Oryx of die Super Puma gewees wat die Lugmag het. Ons het maar so op ’n kaartjiesisteem gewerk en dit was maar vir enige buitelandse ontplooiing gewees en waarvan hierdie was nou deel . So, as dit nou jou beurt was en jou kaartjie was bo, was dit nou jou beurt om te gaan en ons het so al die mense so ’n beurt gegee om te kan gaan en ons het maar probeer om so al die mense so ’n gelyke kans te gee om Marion, Gough en Antarktika te doen.

**V:** So, wat jy in Antarktika gedoen het is maar min of meer wat jy nou by Titan doen?

**A:** Dit is presies dieselfde behalwe net dat die konstruksie van Marion was natuurlik anderster, maar daai tyd was ons ook betrokke gewees by die konstruksie van nuwe SANAE 4 Basis.

**V:** Okay.

**A:** Maar die werk is maar presies dieselfde. Dit is die vervoer van passasiers en die vervoer van vrag, van die skip af tussen die basis en die skip.

**V:** Op SANAE nou, die eerste keer wat jy daar was is in ‘97. Kan jy weer op...

**A:** Ja, nee ek is betrokke by SANAP van 1997 af maar ek was by SANAE van 1999 tot 2000.

**V:** Ok. So, wat was jou reaksie toe jy sien ...

**A:** Ja, kyk ons het nou so by die ander mense sien jy mos maar foto’s en dinge voor jy nou gaan en jy weet redelik wat om te verwag en die ouens vertel jou nou maar wat al daar was, hoe is dit, maar nog steeds as jy daar kom, staan jy maar in verwondering oor die plek . Jy weet dit lyk heeltemal anderste as wat ons gewoond is. Dit is amper soos ’n ander planeet. Dit is glad nie soos wat ons gewoond is aan nie. Dis net klip en ys en ja, dit is ’n baie pragtige plek.

**V:** Toe julle afgegaan het, wat was voorbereiding tussen julle drie. Spesifiek nou vir Antarktika ?

**A:** Vir Antarktika het ons die twee spesialis helikopters gehad wat spesiaal toegerus was vir dit en dit was ons werk gewees om die twee helikopters so ’n maand voor die tyd missie-gereed te kry vir die *trip* en dan natuurlik al die *spares* te pak en dan al die voorbereiding. Die normale voorbereiding wat ons sal doen en dan die skip te laai, en dan die helikopters op te kry en dan die laaste paar dingetjies te doen voor die vertrek.

**V:** Is daar spesifiek goed wat julle moes doen om aan te pas by die ys-omstandighede ?

**A:** Ja, die twee spesifieke helikopters wat ons in die lugmag gebruik het was Oryx Merk II helikopters. Hulle was spesiaal toegerus met *anti-icing* en hulle het spesiale radio’s gehad en party vensters was vol glas voor en so, dit is ’n paar modifikasies wat hom net beter toegerus het om in daai koue toestande te werk en dit was natuurlik wit en rooi geverf waar die ander *camouflage* was. So hulle was definitief jy weet, ’n ander kleur , so jy kon duidelik sien dis die twee helikopters wat ons gebruik het vir daai ... Wit en rooi was die Antarktika kleure, die Internasionale Antarktika kleure vir vliegtuie. So, al die vliegtuie wat daar werk , was wit en rooi geverf gewees.

**V:** Destyds nou was julle met die Agulhas af ?

**A:** Ja, die Agulhas was nog altyd die skip wat hulle gebruik het, ja.

**V:** En kan jy onthou wie die kaptein was, die eerste, die vroeë jare?

**A:** Ja, dit was Kaptein Tate gewees. Ek kan nie onthou wie die ander ouer kaptein was wat daar was nie, maar daai jare was dit Kaptein Tate. Hy was die mees ervare gewees, maar daar was een of twee ander kapteine ook gewees so met die tyd.

**V:** Ja, natuurlik nou so tussen deur die afgelope tyd

**A:** Ja, ons het een of ander... Twee keer, nou nie ek spesifiek nie, maar toe hulle nog betrokke was by die bou van SANAE 4 het hulle die vloot se skip ook gebruik. Die SAS Outeniqua.

**V:** O ja...

**A:** Ja, ek was nie betrokke by daai nie, maar ek kan onthou hulle het afgegaan met hom ook saam met die Agulhas.

**V:** So, jy sê jy het ’n jaar en ’n half terug by Titan gewerk. So voor dit was jy die hele tyd by die Lugmag?

**A:** Nee net voor Titan was ek by ’n ander helikoptergroep, Starlight Aviation. Hulle bedryf Puma helikopters en toevallig is dit dieselfde twee ou Puma helikopters wat hulle op die oomblik nog het, voor die Oryx Merk II ingekom het, het die lugmag Pumas gehad.

**V:** O.

**A:** Die twee Pumas, dit is HJA (Hotel Juliet Alpha) en HIJ (Hotel India Juliet). Dit was die twee Puma helikopters en dit was toevallig dieselfde twee wat hulle in die Lugmag gebruik het en voor dit was ek by die Lugmag en ek het uit die Lugmag gewaai in 2008.

**V:** Okay, by Titan by die konstruksie ?

**A:** Ja.

**V:** Toe jy nou op Marion kom, wat was jou eerste gedagte gewees.

**A:** Ek sal sê, ek het altyd Marion gemis in die Lugmag en ek was toe nou baie bly om uiteindelik hier uit te kom , alhoewel ek nou baie foto’s en so gesien het, maar teenoor Gough is dit bietjie anderste, bietjie platter. Die basis was nou al so halfpad gebou toe ek nou die eerste keer hier gekom het. Ek was baie verras gewees met die vordering wat hulle hier gemaak het . Jy weet, teenoor die ou basis met die nuwe basis wat hulle hier bou.

**V:** Ja.

**A:** Ek was aangenaam verras gewees om uiteindelik op Marion te kon kom . Dit is ’n baie mooi plek. Die verskil tussen Marion en Gough is nou heel anders met plantegroei en dierelewe, maar altwee is maar ewe mooi op sy eie manier.

**V:** Dis ‘n... Die eerste paar dae van ’n *take-over* dan praat ons nou spesifiek van Marion ek gaan nou-nou oor na Gough toe. Dit is maar altyd dieselfde. Jy is altyd besig om passasiers en *cargo* ?

**A:** Ja, ons doen maar werk, natuurlik wat ons doen as ons hier aankom is eerstens om die passasiers so gou as moontlik af te vlieg, want almal wat op die skip is wil op die eiland wees want hulle het almal werk om hier te doen, wat hulle nou al lank al voor wag. So ja, ons voorbereiding is dan so een of twee dae, is om alles reg te kry en seker te maak alles is reg om passasiers af te vlieg en dan natuurlik sodra die passasiers af is dan die belangrike goeters en vrag dadelik af te vlieg wat die mense nodig het en dan sodra dit dan alles verby is. Jy weet, dit is nou die bagasie en al daai dinge. Dan sal ons nou begin om die skip af te laai en dinge wat op die skip is, wat na die eiland toe moet kom en dan natuurlike so bietjie van die *back loading* ook doen wat ook moet teruggaan skip toe. So die eerste twee, drie dae is redelik bedrywig en dan skaal ons so bietjie af en dan begin ons op die eiland werk. Aan die einde van die ontplooiing sal ons nou weer alles agterstevoor doen. Die ou goeters wat terug moet gaan RSA toe op die skip laai en dan weer al die mense weer terug kry op die skip.

**V:** Jy praat van eilandwerk wat behels dit ?

**A:** Dit is ‘n... Spesifiek op Marioneiland is daar ’n klomp hutte al in die rondte van die eiland en op een *hill*, bo-op, ’n katedraal en die hutte moet bietjie versien word. Hulle vat so bietjie *punishment* in die tyd wat die jaar nou hierso is en dan gaan die Departement *Public Works* eers uit. Hulle maak al die hutte eers reg en as daar skade en so was en dan is die hutte *re-supply* en dan vlieg ons maar die ou voorraad uit en die nuwe voorraad in: al die kos en die gasbottels en al sulke dinge wat die hutte nou weer voorberei vir die nuwe jaar. So dan is die hutte weer reg vir die jaarspan wat hier bly, dat hulle dit kan gebruik.

**V:** Goed dis reg. As daai eerste paar dae se werk eers verby is en julle het iets nou om af te vlieg. Julle werk hang natuurlik baie af van die weer ?

**A:** Ja.

**V:** Partykeer is die weer nou nie lekker nie. So wat nou as die weer nie lekker is nie? So wat doen julle dan ?

**A:** Man, ons elkeen het maar ons eie spesifieke takies wat ons moet doen. Ek is betrokke op die Kamov en ook by die opleiding van die mense op die Kamov. So ek is besig om kursusse te skryf en vraestelle op te stel en dan natuurlik algemene herstelwerk op die Kamov. Klein goedjies wat jy optel wat gebeur en dan maak jy dit nou maar reg. Anders as die weer nou rêrig so sleg is dat ons nie kan uitgaan nie. Dan is jy maar op die rekenaar besig om *e-mails* heen en weer te stuur na die werk toe en die status van die helikopter, maar in my spesifieke geval is ek besig met ‘n, om ’n curriculum op te stel om die Kamov helikopter in Suid-Afrika mense op te lei want dit is ’n Russiese helikopter.

**V:** Ja.

**A:** Daar is nie baie mense wat op hom kan werk nie. Ek is een van twee of drie in die land wat ’n lisensie op hom het wat op hom kan werk. So, die einddoel is om bietjie meer mense op te lei vir die die Kamov helikopter.

**V:** Het julle? Wanneer julle nou op basis is, sê jy is nou besig en so. Het julle baie interaksie met die span ?

**A:** Met die jaarspan. Ja kyk, ons het nou spesifiek verlede jaar hierdie span kom aflaai. So dit is interessant om nou die mense weer te sien na ’n jaar, of ons het hulle nou redelik gesien met die bou van die basis so tussendeur was daar nou ‘n paarekstra ontplooiings. So ja, ons sien daai mense weer, maar spesifiek ja, ons werk is nie rêrig dieselfde nie so, ons het nie baie raakpunte daar nie, maar tog moet ons hulle dan nou ook rondvlieg en hulle het sekere dinge wat hulle wil hê van ons. So, ons *interact* redelik met hulle. Soos ek nou sê, dit is interessant om hulle nou weer ’n jaar later te sien veral as jy hulle nou gaan aflaai het en weer gaan haal het soos in die geval van Marion of Antarktika.

**V:** Wat as julle nou sê, julle gaan gereeld uit en laai hulle af op plekke, en dis dan in die berge en by Katedraal en so en ook langs die kus.

**A:** Ja.

**V:** Hoe is dit om so oor die eiland te vlieg en jy het hierdie wonderlike uitsig oor die plek?

**A:** Ja, mens sal seker nooit moeg raak daarvoor nie. Elke keer as mens vlieg en sien hierdie wonderlike dinge hierso wat Die Here vir ons gegee het om te sien, veral ook die dierelewe hierso, veral die pikkewyn kolonies. Dis van die eerste ding wat mens sien. Natuurlik dat jy dan ook die voëls moet *dodge* en *dive*. Wat my getref het is die massiewe pikkewyn kolonies en dit is nogal baie mooi om te sien. So, mens sit nie net daarso en wonder ander dinge nie. Terwyl jy vlieg sien jy al die mooi dinge en ja, dit is rêrig mooi om te sien. Hierdie ongerepte natuur wat hierso is en hoe hard die mense probeer om dit so te hou.

**V:** So, jy sê julle het nou redelik interaksie gehad met die jaarspan. Het julle baie interaksie gehad met die ouens van PWD ?

**A:** Ja, kyk ons ken daai mense seker ook al baie jare, want dit is gewoonlik dieselfde groep mense wat al die eilande doen. So, ons ken veral die seniorbestuur ons ken hulle baie goed en dan baie van hierdie ouens wat ons nou al deur die jare ontmoet het wat op verskillende ontplooiings gaan. So ja, ons sien redelik baie van hulle. Ons vlieg hulle ook baie rond natuurlik want hulle moet die hutte gaan regmaak. So ons *interact* redelik baie met hulle. Ons moet vrag aflaai vir hulle en so aan. So, ons sien hulle gereeld en ons ken die mense, ja.

**V:** Wat is die uitdagings daaraan verbonde om op Marion te werk?

**A:** Uitdagings natuurlik, eerstens is buite ons beheer is die weer, maar daar is darem goeie dae ook om te werk. Dan die uitdagings, die gewone ontplooiing van 'n skip af tot hierso is: die vrag dra spesifiek is 'n redelike presiese vlieg van die vlieënier se kant af, en dan van my kant af om die vrag op die grond te kry, want hy kan nie onder hom sien nie. So, ek sal s van die grootste uitdagings wat daar is, is om daai goed wat die mense wil hê ons moet vir hulle doen. Op die regte manier vir hulle te doen en veilig te doen. Sodat hulle die taak kan voltooi wat hulle hierso voor is.

**V:** So, wat maak die lewe hier die moeite werd ?

**A:** Hierso, ja, ons word vergoed daarvoor in die eerste plek . Ons kan nie verby dit kom nie, maar om weg te kom en soos ek sê, al hierdie mooi dinge te sien en dan het jy nou natuurlik tyd vir dinge wat jy nie by die huis tyd het voor nie, soos ek sê in my geval dan om kursusse voor te berei en al die dinge en dan verder net saam met klomp lekker mense te bly en 'n goeie tyd te hê.

**V:** Hoe verskil dit om op die eilande te vlieg en op Antarktika te vlieg of te werk?

**A:** Ja, kyk Antarktika is natuurlik heeltemal anders omdat dit so koue plek is en so gevaarlike plek is met die voorbereiding en die tipe vlieg wat ons daar doen, moet jy baie meer fyner beplan en die afstande is ook langer. So, spesifiek in Antarktika moet jy nou baie seker maak van die weer, dat jy nie gevang word op 'n slegte plek en dan het jy 'n probleem nie. So, ek sal sê die verskil tussen die eilande en Antarktika is baie, baie fyner beplanning en seker te maak dat jy die taak op die regte tyd doen en nie êrens gevang word waar jy nie wil gevang word nie. Die eilande is baie kleiner, hierso as jy 'n probleem het, is jy 'n paar ure van mense af, waar in Antarktika kan jy dalk twee tot drie dae gestrand wees en as jy dan nie voorbereid is daarvoor nie dan is dit jou einde.

**V:** Jy weet, die omstandighede in Antarktika. Die *hanger* is naby die bos. Dit is deel van die bos.

**A:** Dis deel van die bos, ja.

**V:** So, julle het in die bos gebly dan ?

**A:** Ja.

**V:** Nou wat is julle interaksie daar, met die mense ?

**A:** Ja nee, kyk soos nou. Hierdie is nou die eerste keer op Marion. So, ons bly nou hierso in die *hangers* . So, dit is bietjie ver verwyder van die mense af, maar soos jy sê op SANAE bly ons in dieselfde gebou so, ons eet saam en ons speel saam. Jy is heeltyd saam met die mense daarso. So, daar is baie meer interaksie met die mense. Natuurlik kan jy ook nie so baie uitgaan op SANAE nie, so jy moet maar inderdaaddaar saam met die mense werk en lewe en die beste maak daarvan. Dit is nie dat dit altyd sleg is nie, maar na so maand of twee op die basis moet almal maar, jy weet, hulle gevoelens in *check* hou, want jy kan nie daarso moeilikheid hê met die

mense en dit uitbring nie.

**A:** So ja, dit is miskien moeiliker om op SANAE so te bly as byvoorbeeld op die eilande

**V:** Om met mense oor die weg te kom, is dan definitief een van die uitdagings vir jou ?

**A:** Ja, definitief. Dit vat ’n sekere tipe persoon om so te bly en daar was dan natuurlik al in die verlede probleme met mense wat nie daai tipe bly nie kan hanteer nie of hulle karakter laat dit nie toe nie. Mens moet baie mooi kyk na watse span mense jy saamvat na so ’n plek toe dat daar nie moeilikheid kom tussen die mense, jy weet vir almal, en die ding ongemaklik maak nie.

**V:** Jy praat nou van die span. Spesifiek nou die Titan-span wat afgaan.

**A:** Ja.

**V:** Beskryf bietjie vir my die span. Watter tipe ouens... Met watse vaardighede en watse persoonlikhede verkies julle ....?

**A:** Wel, eerstens oor vaardighede moes almal definitief al aan helikopters gewerk het of in ’n helikopter omgewing gewerk het. Almal in die Titanspan werk natuurlik vir Titan en was al betrokke by helikopter bewegings en so aan. Partykeer vat ons een of twee mense saam wat nog nie op die skip was nie, wat nou nog nie deel so deel was van ’n helikopteroperasie op ’n skip nie, maar dit is hoekom ons daar is om hulle te leer. Dan verder het ons nog ’n spanleier wat dan gewoonlik dan die hoof vlieënier is, in die geval Hugo Barnard, en dan is daar nou natuurlik die ander vlieëniers en die mede-vlieëniers en dan is daar vir elke vliegtuig ’n *aircraft maintenance engineer* en dan natuurlik die tegniese assistente, wat ons help met al die ander klein dingetjies. So, elke ou het ’n spesifieke rol om te vervul en dit is ook hoe ons hulle kies en soos ek sê, ons het nou al agter gekom, wie om te vat en wie nie om te vat nie. So, die *core* span van ons is nou al ’n klomp ou manne, maar soos ek sê, ons ruil maar ander mense so nou en dan om almal ‘n kans te gee om te kan kom.

**V:** En die tipe span is maar dieselfde vir Antarktika en die eilande?

**A:** Ja, ek sal sê 80% van die tyd is dit dieselfde mense wat kom, maar Antarktika het jy definitief mense nodig wat al daarso was. So, ons vat gewoonlik bietjie meer senior vlieëniers saam en mense wat een of twee keer al daarso was. En in so geval sal ons miskien net een persoon of so vat wat nog nie daar was nie, want daarso wil jy nou nie moeilikheid hê met mense op te lei en...

**V:** Ja natuurlik nie

**A:** Ja, as die werk nog gedoen moet word nie.

**V:** Op SANAE nou, wat het julle gedoen vir ontspanning ?

**A:** Ja, vir ontspanning wais daar darem die ontspanningskamer met tafeltennis en die *pool,* jy raak eintlik goed daarmee na so ruk en ja, daar’s ’n biblioteek en daar’s *movies* om te kyk. Ek sal sê die groter verskil wat ek kan onthou van daai tyd toe ek nog in die Lugmag was en nou is, klink miskien verskriklik, maar 10 jaar terug het almal nie ’n *laptop* gehad nie, waar nou kan ek nie indink hoe jy self sonder ’n *laptop* gaan regkom daar nie, want daai ding is jou hele lewe, dit is jou kommunikasie. Daar is nou internet op SANAE wat daai tyd moeilik was om by uit te kom. So, jy is maar, jy hou jouself besig as jy nie sosiaal aktief is daarso met die mense in die aande nie, dan is jy maar besig op jou *laptop* of jy lees boek. Jy lees redelik baie boeke. So, jy kan maar daarna toe ook ontsnap. Ek kry die mense maar jammer wat nie boeke lees nie. Hulle sukkel maar, maar ja, jy kry maar vir jou dingetjies wat jy wil doen en jy kry maar vir jou klomp takies wat jy wil afhandel . Voor die tyd besluit jy maar jy gaan jou trou album *uitsort* en dit nou mooi maak of ’n *movie’tjie* daarvan maak. So, jy kry maar vir jou sulke klein goedjies wat jy wil aanpak terwyl jy daarso is dan maak jy dit maar klaar.

**V:** En het julle baie geleentheid gehad om uit te gaan terwyl jy daarso was?

**A:** Ja-nee, daar is genoeg geleentheid. Kyk, ons het, soos ek sê daar’s nou nie werk vir ons elke dag nie. Ons maak onsself handig daarso. Ons vra vir die mense as hulle wil hê daar’s iets wat gedoen word, dan gaan help ons hulle daar. Bv as hulle die antennas se goete wil regmaak of so, dan gaan ons saam met daai span mense uit en ons gaan help hulle deur die dag wat hulle nou wil

doen, want gewoonlik is hulle maar net een of twee, en as ons vyf of ses ouens saamkom dan maak dit die werk vir hulle baie makliker. En ag dan soos met al die ander klein goedjies soos die *skivvy duties* of die water maak op SANAE, ons gaan maar uit en doen dit uit ons eie sonder dat ons gevra word. So, dit is maar beter om besig te bly. So as jy sien daar is iets vir jou wat gedoen kan word, dan gaan jy maar en gaan help die mense. Dan gaan jou dag ook so sommer vinniger verby.

**V:** Op SANAE nou spesifiek, is daar enige insidente, hetsy goed of sleg, waaraan jy nou kan dink ?

**A:** Hierdie jaar, op SANAE was daar geen slegte insidente gewees nie. Daar was geen ongelukke of enige moeilike tye nie. Die regte besluite was geneem op die einde oor die weer, wat ook die belangrikste besluite is wat ons gemaak het, en ons het net in goeie weer gevlieg, gelukkig. Die helikopters het hulle self baie goed gedra. Daar was geen groot probleme daar nie. Ja verder was als net goed gewees en lekker gewees. Alhoewel dit so bietjie lank raak daar op die basis, ja, oor die algemeen was dit lekker gewees, geen slegte gedagtes of so nie.

**V:** Nou terug op Marion. Wat is die uitdagings verbonde om op Marion te werk ?

**A:** Ja, Marion het bietjie meer vlieg as SANAE of Gough Eiland. Juis omdat al daai hutte en goed gedoen moet word, maar die tipe vlieg tussen Gough en SANAE, ag, Marion is maar min of meer dieselfde, soos ek voorheen gesê het, die uitdaging is net om die mense en die toerusting wat hulle wil geskuif hê, vir hulle op die regte plekke en die regte tye neer te sit en hulle taak te vergemaklik.

**V:** So, jy sê dit sal geld vir Gough ook ?

**A:** Ja, Gough is nou baie makliker hulle het nie die hutte nie, so dit is net van die skip af na basis toe. Al die ander *trips* was redelik maklik gewees behalwe nou verlede jaar het ons die diesel *tanks* daarso geruil. Dit was nogal 'n redelike interessante vliegsessie gewees. Ek dink daar was tien ou diesel *tanks* wat moes afgaan en ons het tien nuwe diesel *tanks* opgesit. Ja, dit was nogal 'n redelik spanpoging tussen my en Barries gewees om daai *tanks* daarso neer te sit dat hulle op die regte posisie kom. Maar soos ek sê was dit omtrent 'n 3 of 4 dae operasie gewees wat baie goed gegaan het en dit was baie lekker gewees. Mens kry so bietjie self-*confidence,* jy voel goed na die tyd dat jy dit reggekry het, almal is veilig na die tyd en die *tanks* staan op die regte plekke, maar andersins is dit maar net die gewone *containers* afvlieg van die skip af en ook weer die ou goeters terugvlieg soontoe. Wat Gough natuurlik anderste maak, is ons bly op die skip daar. So, ons ry weer saam met die skip wat terug ry Tristan toe en weer op die weerboei rand gaan. So vir ons is dit groot visvang *trip*, want ons het regte gekry by die Engelse om daarso te mag visvang . So ja, ons vang so bietjie vis daarso en ons gaan saam en gaan kuier op Tristan. So, dis ook die ander manier om die *trip* verby te kry soos op die eiland daarso bly nie.

**V:** Vertel my bietjie van Tristan.

**A:** Ja, Tristan het ek nou al duidelik in die Lugmag het ek al gesien. Ja, dit is net ongelooflik om daai mense te sien bly daar. Ek is nou nie seker hoe lank. Ek dink dit is 300 of 400 jaar al wat hulle daarso bly. Ja, dit is net, ek het nou al 'n paar boeke gelees oor hoe dit nou ontstaan het en so, en dit is net *amazing* dat daai mense daarso bymekaar gekom het en daarso wou bly en hoe hulle die hele bestaan maak daarso en met die jare deur daarso het die mense, jy weet, vriende gemaak daar, en dan elke jaar wat die ouens afgaan is hulle nou te bly om die ander mense weer te sien, maar soos ek nou opgelet het, die jaar wat ek gegaan het, het hulle baie meer wêreldwys geword met die internet wat nou daarso. Dit is vir my nogal 'n heel groot verskil toe ek 10 jaar terug daar was en toe ek nou hierdie jaar daar was. Dit lyk of die mense bietjie meer modern geword het as ek dit so kan stel. Ek sal sê daai tyd was dit net die SA Agulhas en ek dink daar was een ander skip wat hulle jaarliks daar kom besoek het. Nou is daar bietjie meer skepe wat daar verby gaan. Ja, dit lyk of hulle bietjie meer moderne tye in is, as jy dit so wil stel. Nie dat ek sê dat hulle agterlik gewees nie, maar dit lyk of hulle nou beter weet wat aangaan in die wêreld en die passasiers wat saam met ons ry in die skip is meer van die jongmense wat kans kry om Engeland toe te gaan.

**V:** Ja, wat nie teruggaan nie.

**A:** Ja, soos ek verstaan het hulle in 2002, dink ek, almal Britse paspoorte gekry en voorheen was dit nie so gewees nie en ek dink baie van die jonger mense is dalk besig om weg te gaan van die eiland af. So, ek wil nie ’n doemprofeet wees nie, maar ek weet nie hoe Tristan gaan lyk oor 50 of 100 jaar van nou af nie. Ja- nee, definitief ’n groot impak gehad op tegnologie wat beskikbaar geraak het daar, maar soos ek sê, dit is ’n *amazing* plek en ja die mense is baie vriendelik gewees toe ek daar gekom het. Ja, dit is ’n interessante storie

**V:** Jy was nou oral gewees, so watter een hou jy die meeste van en hoekom?

**A:** Man, ek sal sê Gough-eiland omdat hy korter is en jy soveel meer dinge doen . Jy weet, jy gaan Tristan toe en Gough toe, maar dis nou moeilik nou, hierdie jaar bly ons op Marion. Ons het nou ’n baie mooi basis en ons het ’n baie lekker plekkie waar ons bly. Natuurlik SANAE is daai heel ander wêreld daarso. So, ek sal sê uit die oogpunt uit van die *wow-factor,* bly SANAE nog die beste. So min mense wat soontoe kan gaan, wat die geleentheid kry om soontoe te gaan. So, ek sal sê SANAE staan uit bo die ander as die beste plek na toe om te gaan. Alhoewel jy hom nou nie elke jaar wil doen nie. Jy is lank en baie ver weg van die huis af, maar staan definitief kop en skouers uit bo Marion en Tristan, ag ek bedoel, Marion en Gough.

**V:** Marion en Gough . Het julle ooit baie geleentheid gekry om te gaan stap ?

**A:** Op Gough nee. Dit is baie moeilik om daar te stap. So dis nie eintlik ’n stap eiland nie, maar ek was al daar dat ons plekkies daar naby aan die basis toe gegaan het . Dit is baie mooi, watervalletjies wat in die see gaan en pikkewyne en goeters . Op Marion het ons meer as genoeg tyd om saam met die mense te gaan. Daar is elke dag mense wat êrens heen gaan. So, soos ek sê ons ken die mense ook nou al redelik lank. So, as jy hulle vra is jy meer as welkom om saam te kom, tensy jy natuurlik in die pad gaan wees, maar ja, daar is meer as genoeg tyd om te stap en weg te kom.

**V:** Het jy baie diere gesien op die eiland ?

**A:** Ja-nee, die plek wemel van die diere.

**V:** Jy het nie nou spesifieke dierstories wat jy vinnig aan kan dink nie ?

**A:** Nee, nie regtig nie, behalwe dat ek die jaar op SANAE, het ek by die *summercamp* of die *emergency base,* was daar *emperor penguin*s by die basis was daar. So, dis die eerste keer wat ek so naby aan ’n *emperor penguin* kon kom. Ja, hulle is vreesloos vir mense. So, jy kan rêrig naby aan hulle kom. Ja, dit is ’n vreeslike groot dier. ’n Mens verwag nie hy is so groot nie, mens ken nou maar die *king penguins* hier op Marion. Dit is ook die meer kleurvolles, maar die helfte van die grootte as daardie *emperor*. Hy vat my hierso by my sy, wat so omtrent 1.2 m is. Dit is ’n vreeslike groot pikkewyn, maar verder op Marion veral, soos ek sê, hierdie pikkewyn kolonies fassineer my. Al daai duisende pikkewyne en dan natuurlik aan die Albatrosse. As jy daar op die skip staan en hulle vlieg, sien jy nie rêrig hoe groot hulle is nie, tot jy op die eiland kom en jy kan langs een gaan staan wat broei of loop, dan sien jy watse massiewe voël dit is en dan verwonder jy jou net aan hoe daai voëls se lewenssiklus werk. Gaan hy 7 jaar see toe of 5 jaar see toe en ja, dit is ’n ongelooflike voël om te sien. So ja, die dierelewe is baie mooi hierso op Marion.

**V:** Wat is die moeilikste ding van die werk ?

**A:** Die moeilikste ding is weggaan van die huis af en weg van jou familie af. Dit is ’n fyn balans van hoe lank jy kan dit doen en of dit die moeite werd is om dit so lank te doen, maar jy moet maar vir jou doelwitte stel en besluit hoe lank jy dit wil doen en kyk hoe die paadjie vorentoe is. Verder is dit als ’n groot plesier, maar soos ek sê dis sleg om so baie weg te wees van die huis af veral die jaar wat ons nou die konstruksie gedoen het. In ’n gewone jaar wat ons net Marion, Gough en Antarktika doen is dit vyf maande of ses maande weg van die huis af, wat nog steeds lank is. So, dan moet mens maar besluit of jy nie een van die twee dalk bietjie wil mis en dit nie doen nie. So, sê nou maar, ek sal sê die weggaan van die huis af is die moeilikste.

**V:** Dit is lang tye ver weg van jou huis af, né.

**A:** Ja.

**V:** Is daar enige *tip* nou in die tyd wat jy nou weg is. Enigiets van geskiedkundige belang of iets interessant wat gebeur het in Suid-Afrika of in die wêreld waarvan julle toe nou eers later gehoor het? Want julle was nie hier nie.

**A:** Ja, ek kan onthou daai groot Tsunami wat in Indonisië was, was ons op een of ander ontplooiing, maar ek is nie seker van die datum nie.

**V:** Dit sou Antarktika gewees het. Dit was in Desember.

**A:** Ek vermoed dit was dalk daai een. Ja, dan is dit maar moeilik om die nuus te hoor, dan kom dit so bietjie stadig deur. Ek kan onthou daai spesifieke een kan ek onthou, maar ek's net dankbaar dat daar nog nooit iets met my familie of so gebeur het nie, maar met groot wêreld *events* kan ek die Tsunami nog onthou toe ons daar was.

**V:** Hoe is dit om saam met Omgewingsake te werk ?

**A:** Omgewingsake, kyk dit is hulle, kan mens maar sê dit is hulle eiendom hierdie, en die skip is hulle s'n. So, ons werk al baie jare saam met hulle en dan spesifiek die huidige missie-ou, ken ons al vir baie jare. Hy is nog al die jare, kom ons sê maar "helikoptervriendelik" gewees . Ons kom baie goed oor die weg met Departement Omgewingsake. Dis interessant om te sien hoe die nuwe mense nou inkom wat nou die projekte gaan bedryf, maar ek sal sê ons het nog nooit rêrig enige koppe gestamp of so, met daai mense nie. Ons lewer 'n diens vir hulle en sover het ons nog nie klagtes gekry nie.

**V:** Maar jy was nou al in die ou basis hier op Marion. Het jy toevallig ooit daar gebly ?

**A:** Nee, daai tyd het ons nooit op die basis gebly nie. Ons helikopter mense het maar altyd op die skip agter gebly saam met die weer-mense.

**V:** O.

**A:** En dan het ons gegaan met die skip en hulle weer gaan afgooi. So, hierdie jaar sal nou die eerste jaar wees wat ons op die basis bly.

**V:** Maar jy was al op die ou basis gewees ?

**A:** Ek was daar, maar nog nooit oorgeslaap nie, maar rondgeloop, ja.

**V:** Hoe dink jy vergelyk dit met die nuwe basis?

**A:** Jy kan dit nie rêrig vergelyk nie. Jy kan duidelik sien hoekom die nuwe basis gebou is, want die ou ene het rêrig bietjie sy dae gesien al. So, dit was tyd vir 'n nuwe basis hierso. Ja, daar's geen vergelyk nie. Dit is soos om 'n huis met 'n hotel te vergelyk. Heeltemal anderste, ja.

**V:** En hoekom dink jy dit is belangrik dat Suid-Afrika basisse het op Antarktika, Marion en Gough ?

**A:** Ek is natuurlik glad nie 'n persoon wat daai gedeelte van die werk altyd verstaan of so nie, maar ek kan sien hoekom die mense dit doen. Ek weet vir een dat die weerinligting wat hulle versamel baie belangrik is om ons weer vir ons te gee. So, ek sal sê dat dit is een van die grootste, goeie doele wat hulle doen op die basisse en natuurlik die studie van die diere en die plante en so aan. Ek verstaan dit is die mense se passie en hulle *swot* daar voor en hulle, dit gee hulle 'n baie goeie plek om daai passie of hulle studies te voltooi. So, ek kan sien hoekom die mense dit doen en verstaan hoekom die plekke gebou is en ek kan sien dit is vir 'n goeie doel. So, ek kan nie dink dat dit 'n slegte ding is nie.

**V:** Beskryf ook, tel dit ook vir SANAE wat jy nou gesê het van die basisse ?

**A:** Vir SANAE. Ja, hulle doen dan natuurlik weer 'n hele klomp ander dinge met die magneetvelde van die aarde en ensovoorts. Dit is 'n wêreldpoging daarso en ek kan sien hoe hulle inligting probeer insamel om te sien wat gebeur met ons wêreld en Antarktika is die beste plek om dit alles te sien.

**V:** Het julle ooit baie interaksie gehad met ouens van die ander basisse op Antarktika ?

**A:** Ja, ons is natuurlik in die bevoorregte posisie om nou te vlieg soontoe.

**V:** Ja.

**A:** So, ek dink ons het nou meer interaksie met ander basisse en met mense as wat die meeste mense het wat SANAE toe gaan. So, ja, ek sal sê ons het redelik baie interaksie. Nie baie nie. Ons

was een of twee keer Troll toe gewees en natuurlik die nuwe basis by Neumayer. Neumayer III, die Duitse basis by ons *emergency camp* of *summer camp* en ek was hierdie jaar twee keer daar gewees en die geleentheid gehad om daar rond te loop en te kyk hoe lyk hulle basis. So, ons het interaksie met die mense . Dit is interessant om te sien hoe verskillende lande daar hulle ding doen en die verskillende basisse teen mekaar te vergelyk.

**V:** Ja.

**A:** So, dit is interessant om te sien.

**V:** Hoe vergelyk Suid-Afrika se basis met die Duitse basis en die tente ook?

**A:** Wel, dit is twee heeltemal verskillende tipe basisse. SANAE IV is in die binneland bo-op 'n berg gebou, waar Neumayer III op die yswal gebou is. So hy, moet omtrent elke jaar gelig word, en so dit is verskillende basisse, maar uitleg en wat die binnekant en so betref. Die Duitse basis is baie nuwer. Hy is maar net so drie jaar oud, waar SANAE nou so paar jaar agter die rug het. Almal het dieselfde dinge wat hulle maar aan die gang hou, daar is nie rêrig groot verskil in die bedryf van die basis nie. 'n Plek soos daai moet jy natuurlik alles skoon en reg hou en funksioneel hou. Ek kan nie vir jou sê watter een mooier of leliker as die ander een is nie. Dit vergelyk baie dieselfde.

**V:** Ja. Is daar enige iets wat jy wil byvoeg ?

**A:** Ek kan vir interessantheid by sê dat ons in 2004, het ons met die Agulhas afgekom. Ons het 'n skip hierso wat in die moeilikheid was kom red. Die mense afgehaal. Dit was in die winter gewees in Junie/Julie gewees. So, dit was die eerste keer wat die SA Agulhas ooit in die winter afgekom het hierna toe en ons het op die einde van die dag 98 Russiese *scientists* afgehaal .

**V:** O, ja.

**A:** Van die Magdalena Oldendorff af.

**V:** Nou wat het met die skip gebeur ?

**A:** Hulle het te laat vertrek en dit was nie regtig 'n ysbreker gewees nie, dis maar selfde as die Agulhas, dis net *ice capable*, om een of ander rede het hulle te laat vertrek en die pakys het hulle toe nou gevang en hulle kon toe nou nie uit nie, en toe het hulle daar teen die yswal in 'n baai ingetrek en daarso toe besluit om te oorwinter, maar met al daai mense aanboord. Het die kos en die diesel ....

**V:** Ja.

**A:** Natuurlik opgeraak. Hulle het 'n di*stress signal* uitgestuur en Suid-Afrika het eerste gereageer met die Agulhas. Ja, dit was 'n baie interessante vaart gewees. Eerste keer in die geskiedenis wat dit gebeur het. Die einste Kaptein Tate. Hy was die Kaptein gewees en dit was net ongelooflik vir hom gewees om die skip binne bereik vir ons te bring met die helipkopters om daai mense af te haal. Ek sal dit nie gou vergeet nie en dit was baie interessant gewees en dit het ook baie media dekking gekry. Daai werk ... Daai *trippie*.

**V:** Nou wat dink jy is die grootste wanopvattings oor SANAE en Marion en Gough?

**A:** Ek dink baie mense weet nie rêrig waar dit is nie. Ek meen die mense wat nou na aan my is. Hulle weet waar al die plekke is want ek praat daaroor, maar ek dink as jy die gewone man in die straat gaan voorkeer en vir hom vra, waar is Gough eiland of weet hy dat Marion-eiland 'n Suid-Afrikaanse eiland het. Hy sal dalk dink Afrika het net Robin Eiland. Ek dink nie die deursnee persoon weet dat ons hierdie plekke het nie. Tensy hy dit natuurlik op televisie gesien het. Die opening van die nuwe basis het, was daar baie media dekkings. So, ek dink meer mense weet dit, maar ek dink nie die deursnee persoon in Suid-Afrika weet ons het al hierdie projekte aan die gang nie. Tensy nou, die mense wat hierna toe kom. Die mense wat om hulle is en betrokke is met hulle. Enige, of daar enige wanopvattings is weet ek nou nie. Ek is seker daar's mense wat voel daar word onnodige geld uitgegee en dit kan beter aangewend word, maar ek dink as hulle eers die doel agter dit sien en sien waarvoor die plekke gebou is, kan hulle dalk anderste dink daaroor.

**V:** Baie dankie.

**A:** Dis 'n Plesier.